Ons hulp is in die Naam van die Here,
wat sy kerk bou en onderhou;
wat mense roep om te dien;
wat deur mense sy hartklop laat beleef.
Ons hoop en hulp is in Hom – die Lewende God
wat sy Woord in en deur ons laat groei.
Amen

Genade,  barmhartigheid en vrede
van **God die Vader** wat ons geskep het,
van **Jesus Christus** wat ons verlos het,
en van die **Heilige Gees** wat ons lei
en versterk in diens en geloof.

# Lied 275: 1

O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.

# L 275:2

Ons dank- en smeekgebede gaan

tot u ge-na-de-troon;

wil ons en ook ons kroos voortaan

u guns en trou betoon!

# L 275:3

**Berei vir ons die lewenspad**

**wil deur u Gees ons lei;**

**en as ons val, o Vader, vat**

**ons hand en staan ons by.**

# L 275:5

Beskikker van ons deel en lot

in voor- en teëspoed,

U is ons Vader en ons God

net U is waarlik goed.

# Handelinge 6:1-7



Jesus sit sy bediening op aarde deur sy kerk voort (*ons is ingetrek in sy aksie*);

Hierdie bediening behels ‘n groei na binne (*sorg*) en buite (*verkondiging*);


Hierdie groei het plaasgevind tmv toenemende uitdagings (*van buite & binne*);

Hierdie bediening behels om grense oor te steek (*taal, kultuur & gemaksone*);

1. Maar in dié dae, toe die aantal dissipels al hoe meer geword het, het 'n gemor onder die Helleniste teen die Hebreërs ontstaan omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien word. 2. Die twaalf het daarop die hele groep dissipels bymekaargeroep en gesê: *"Dit is nie goed dat ons die woord van God verwaarloos om by die tafels diens te verrig nie. 3. Broers, soek dan sewe mans onder julle, van goeie getuienis en vol van die Gees en van wysheid, wat ons vir hierdie taak kan aanstel. 4. En ons sal ons dan toelê op gebed en die bediening van die woord."*

5. Die voorstel het by die hele groep byval gevind, en hulle het vir Stefanus, vol van geloof en die Heilige Gees, en ook Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus, 'n proseliet uit Antiogië, gekies. 6. Hulle het hierdie manne aan die apostels voorgestel, en die apostels het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê. 7. En die woord van God het versprei en die aantal dissipels in Jerusalem het aansienlik vermeerder, en 'n groot menigte priesters het aan die geloof gehoorsaam geword.

# Scott Russell Sanders



Hy hou daarvan om dit te vertel omdat sy pa een van die vrywilligers was en omdat dit presies verduidelik wat dit beteken om deel van ’n gemeenskap te wees.

**“We should not have to wait until our houses are burning before we see the wisdom of facing our local needs by joining in common work… We had better learn how to live well together, or we will live miserably apart.”**


Dit vra dikwels eers ‘n krisis om te gebeur voordat ‘n mens die nodigheid sien om iets wat skeefloop reg te stel!

6:1 – Aankondiging van probleem

6:2-3 – Probleem bespreek by vergadering

6:5-6 – Voorstel tot oplossing & uitvoering

6:7 – Gevolg van die gemeentelike aksie

# In ons teks...

Probleem (6:1):

klagte oor Griekse weduwees
wat afgeskeep en ongelyk behandel word


Wie was die *Grieksprekende* gelowiges?



# Hoe het die versorging van die *weduwees* gewerk?




# Hierdie krisis wys die *broosheid* van die kerk


Wie word vandag oorgesien of uitgesluit?
(Wie is vandag se *kleintjies*?)


Hoe sien ons oor
en sluit ons uit?



Hoe laat uitsluiting jou voel?

# Gemeente-vergadering (6:2-4)




- ‘n teken van omvattende sorg binne die geloofs-gemeenskap

# Besluit – kom ons deel die verantwoor-delikheid



# Dienswerk & toewyding

Besluit – kom ons stel sewe persone aan (diakens)




Dit gee outoriteit & vrymoedigheid

# Toerusting

**Is dit nie dalk dalk nodig by ons ook nie?**




Die gevolge:
Woord versprei & kerk groei



# Die gevolge:


## Die lewnde Here word sigbaar

# Wat van ons?



# Scott Russell Sanders

# Die kerk is aan die brand




‘n Versorgende gemeenskap
sien om na sy *kleintjies*



# Lied 284: 1

Laat Heer u vrede deur my vloei

Waar haat is, laat ek daar liefde bring.

Laat ek in pyn en

smart vertroostend wees

En krag gee deur geloof in U, o Heer

## *Refrein*

*O Heer, help my om altyd so te leef –*

*om ander hoër as myself te ag,*

*Ja, om lief te hê – ander bo myself –*

*en ook eerder te gee as te verwag.*

# L 284:2

Laat Heer u vrede deur my vloei

en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.

Ek wil u lig in duisternis laat skyn.

Laat ware vreugde altyd uit my straal

***Refrein***

***O Heer, help my om altyd so te leef –***

***om ander hoër as myself te ag,***

***Ja, om lief te hê – ander bo myself –***

***en ook eerder te gee as te verwag.***

# L 284:3

**Laat Heer u vrede deur my vloei…**

**Leer my om ook soos U te kan vergeef.**

**Maak my bereid om aan myself te sterf,**

**dat ander U al meer in my kan sien.**

Mag God, die Vader,
julle toerus vir diens in sy koninkryk.
Mag Christus, die Hoof van sy kerk,
julle harte vul met liefde en geloof.
Mag die Heilige Gees
julle versterk om met wysheid
en nederigheid te leef.
Gaan leef in vrede – tot Sy eer.
Amen.